# KLIPKERK LICHTENBURG

## *Koninkryks Bediening Nuusbrief*

### *Junie - Augustus 2026*



## LICHTENBURG KLIPKERK

HIERMEE GEE DIE KERKRAAD VAN LICHTENBURG KENNIS AAN DIE GEMEENTE VAN DIE BEROEPING VAN DS WILLEM BADENHORST VOLGENS REGLEMENT 19 VAN DIE KERKORDE AS GEKOPPELDE LERAARSPOS. DIE BEROEPING WORD VIR TWEE AGTEREENVOLGENDE SONDAE AAN DIE GEMEENTE VOORGEHOU.

DIE BEVESTIGING VAN DS WILLEM BADENHORST SAL PLAASVIND OP 21 JUNIE 2026, OM 9:30 TYDENS DIE EREDIENS.

LICHTENBURG KLIPKERK

# *Ds Willem Badenhorst - Nuusbrief*



- *Dank die Here vir elke geleentheid gedurende Julie.*
- *Dank die Vader vir 'n geseënde diens in Klipkerk Lichtenburg op 2 Augustus. Dit was wonderlik om tussen geloofsfamilie te kon wees.*
- *Bid vir elke gesprek met leiers en gemeentes, beradingsafsprake en konsultasies.*
- *Bid vir tyd vir voorbereiding vir optredes.*

Beste ondersteuner

Die afgelope drie maande (April-Junie) was buitengewoon besig en daar het baie water in die see geloop. Ek kon talle gemeentes besoek, konsultasies doen, leiers begelei en toegerus, gemeentes gemobiliseer en menigmaal die Woord van die Here verkondig. Honderde mense se lewens is deur die Woord geraak en talle het hul lewens aan die Here toevertrou of nader aan God beweeg. Ek het duisende kilometers veilig afgelê terwyl die Here sy hand oor my uitgestrek gehou het.

Die Pinkstergeleenthede was 'n hoogtepunt. Twee gemeentes, wat my baie na aan die hart lê, is bedien. Die Gees van die Here het lidmate versterk en in hul geloofslewe bemoedig.

Die pastorale uitreik na Turkye was 'n verdere hoogtepunt. Ons het van gemeente na gemeente gereis en die gelowiges besoek. Ons kon leiers bemoedig en toerus, die Woord bedien, vir mense wat siek is bid en klein gemeentes opbou. Ons kon die liefde van Christus vrylik uitdeel en gelowiges is versterk in hul geloof.

Nog 'n hoogtepunt is dat ek deur Klipkerk Lichtenburg gemeente as evangelis en geestelike werker na die land en die wêreld uitgestuur is. Ek is as gestuurde gekoppel aan Lichtenburg gemeente terwyl ek volledig onder Missio Dei Bediening funksioneer. Ek is ongelooflik dankbaar teenoor die Klipkerk. Dis 'n voorreg om saam in die Koninkryk te kan werk. Ek sal wel nog van tyd tot tyd in Moreleta Kerk bedien.

Op aanbeveling van die Missio Dei Raad sal ek, na hierdie buitengewone besige tyd, 'n blaaskans neem voor ek die tweede deel van 2026 aanpak.

Baie dankie vir elkeen van julle wat op een of ander manier die pad saam met my stap.

Baie liefde en seënwense.
Willem
Ps.37:5

*Bevestiging*
*Klipkerk Lichtenburg*



# *Makhua Shirima Bybelbediening ~ Dr Gerard en Vanessa Olivier*

**Liewe vriende, medewerkers en ondersteuners,**

In 'n wêreld wat oorloop van slegte nuus, wil ons vandag net 'n paar kort staaltjies van die afgelope tyd met julle deel – dinge wat, so hoop ons, julle siel sal oplig.

**God is STEEDS aan die werk!!**

Nou, baie van julle het die *eerste twee stories* al gehoor. Ek vertel hulle dus net kortliks – nie omdat hulle nuut is nie (vir sommiges sal dit nuut wees), maar omdat die **verband** tussen die twee iets wys wat ek nie wil hê julle moet mis nie.

**"Jy is nie alleen nie"**

'n Paar weke gelede, op 'n Saterdag, kom daar 'n boodskap deur op my foon van Domingos. Dit was juis die dag toe Fritz en Nickey, die laaste sendelinge op die stasie, vir die laaste keer uit Muapula gery het, op pad na hul aftrede in Suid-Afrika.

Domingos skryf in Makhua, half as grap maar nie heeltemal nie: *"Nou het die skape geen herders meer oor nie."*

Ek skryf terug: *"Van die skape hét mos nou herders geword. Dit is nou hulle beurt."*

Hy lag: *"Wel, dan sal die skape mekaar maar moet oppas."*

En toe kom iets in my hart op wat ek geweet het nie net van my af kom nie. Ek tik twee woorde in Makhua: **Khamunkhala meekhiinyu** – ***Jy is nie alleen nie***. Ek het nie bedoel dat óns elke dag daar sal wees nie, al is ons voltyds betrokke. Ek het iets groters bedoel: God self het nie Niassa verlaat nie. Die Herder van Psalm 23 tree nooit af nie.

**Die pêrel op die pad huis toe**

Daardie selfde week, soos meeste van julle weet, terwyl Fritz en Nickey nog op pad suid was, kom daar 'n stemboodskap deur van Raimundo, een van die leiers in Muapula. 'n Man met die naam Eusébio, een van die werkers, het daardie Sondag in die kerk opgestaan en verklaar dat hy die *pêrel van groot waarde* gevind het, en dat hy van nou af Jesus wil volg.

**Sien jy die verband?** Die laaste sendelinge was nog nie eens in Suid-Afrika nie, en God het reeds die punt bewys. Op presies dieselfde oomblik toe die menslike herders die hek uitry, was die Groót Herder reeds besig om 'n nuwe skaap op sy naam te roep. Die een storie sê: *"Jy is nie alleen nie."* Die ander een bewys dit – terwyl die woorde nog warm was. Die skape is nooit sonder 'n Herder nie.

**Brokkies Genade – wat terugkom**

*Sedert Januarie loop daar 'n WhatsApp-groep, "Migalhas de Graça" – Brokkies Genade – waarin ons twee keer per week kort oordenkings stuur aan 'n dosyn kerkleiers meestal in plattelandse Niassa. Hier is 'n paar kykies na van wat teruggekom het.*

**"Ek kon nou vir ander help"**

Een van die manne op die groep – Geraldo is `n lekeprediker wat die groep gevra het om hom te help met 'n sekere teksgedeelte. Ons het hom gehelp, en 'n rukkie later skryf hy dít terug: *"Goeiemiddag, broers. Hoe het die Here julle geseën? By my was die seën groot, want die preek wat die groep my gehelp voorberei het – die Here het dit gebruik en 'n lidmaat aangeraak. Die man het my kom opsoek en kragtig getuig. Iets wat nog nooit met my gebeur het nie. Baie dankie."* Een kort verduideliking in die groep, en die vrug daarvan weerklink nou van 'n "bos-kansel" in Niassa af tot diep in die hart van 'n Makhua -hoorder.

**"Ons kruip weg tussen die mense"**

Ná 'n boodskap oor Josef van Arimatea – die geheime dissipel wat uiteindelik uit die skaduwee gestap het en die liggaam van Jesus geëis het – het 'n broer geantwoord met 'n belydenis wat 'n mens tref: *"Baie keer kruip ons weg tussen die mense sodat niemand ons as Christene herken nie. Selfs Petrus het Jesus verloën uit vrees."* Toe voeg hy 'n gebed in Makhua by wat vra dat die Heilige Gees vir hulle die moed gee om openlik as gelowiges te leef, ongeag wat die mense dink. 'n Kerkleier in landelike Niassa wat dieselfde stryd noem wat Josef van Arimatea tweeduisend jaar gelede gehad het – en God vra vir dieselfde moed.

**"Die droogte wat die hart binnedring"**

'n Boodskap oor geestelike droogte – met die beeld van Niassa se droë seisoen, wanneer die grond hard word en die oeste swaarkry – het 'n antwoord ontlok van een van die nuwer lede: *"Baie dankie. Die droogte wat die hart binnedring – die meeste van ons sukkel geweldig hiermee."* 'n Ander leier, Ernesto, voeg by: *"Dié van ons wat weet wat dit is om na God te dors, moet tyd maak vir dié wat in 'n droë seisoen is."* Hierdie manne het nie net 'n oordenking ontvang nie. Hulle het hulself daarin herken – en het reeds begin dink aan wie anders die water nodig het.

***"As many have learned and later taught, you don't realize Jesus is all you need until Jesus is all you have."***

**Tim Keller**

**Hou asseblief aan om vir die Makhuas te bid!**

Ons is die Here dankbaar vir Sy goedheid, en ons waardeer julle gebede en ondersteuning opreg soos wat die werk aangaan.

**In Hom**

**Gerard en Vanessa**

# ***Midde-Ooste - Aretha***

SAT-7, Christen satelliet TV en media uitsaaier in die Midde-Ooste en Noord-Afrika (MENA) se program "*You are not alone*" bemoedig kykers in MENA wat moeilike omstandighede beleef.
Onderstaande berig vertel die verhaal van 'n ses jaar oue dogtertjie, Heaven.
https://sat7.org/a-childs-plea-to-end-the-war-in-lebanon/




## A CHILD'S PLEA TO END THE WAR IN LEBANON

"Lord, please make the war stop."
Behind this simple prayer lies the experience of millions of children across the Middle East and North Africa (MENA) whose lives have been turned upside down by conflict, displacement, and separation from the people and places they love.

**"Jesus is with you"**
Speaking recently on SAT-7 ARABIC's *You Are Not Alone program, the young child shared her experience of fleeing conflict in southern Lebanon, where war has driven over a million people from their homes – around a third of whom are children. Attacks have been continuing despite a ceasefire agreement.*
"[We left] because there was a war," she states simply. "I was not afraid. My mum was scared; she was scared from the time we were at home. But I would tell other children: 'Don't be afraid. It's only a loud sound. There's nothing scary. Jesus is with you. Don't be afraid.'"
Heaven's simple faith is carrying her through a childhood interruption she never expected. After fleeing Deir Mimas with her mother, grandmother, and baby brother, she found refuge at the Arab Baptist Theological Seminary (ABTS) in Mansourieh, where displaced families were offered shelter and support after being forced from their homes.
Meanwhile, her father has remained behind to safeguard the family home.
"We left the house, but my dad is still there. I thought maybe someone might enter and live in our house."
Separated from her father for two months now, Heaven's answer to whom she misses the most is quick and telling: "My dad."
Just those two words, as she looks down and away.

***Laat ons bid vir hulle wat treur, hulle wat beseer en ontwortel is. Bid vir beskerming en vrede vir Libanon.***

# *Turkye - Aretha*

Wees deel van 'n Virtuele Gebedsbediening met weeklikse WhatsApp gebedsversoeke vir Turkye en die wyer Midde-Ooste.
Kontak Aretha vir meer inligting. 071 375 1578

Volg die bediening in Turkye en die Midde-Ooste:

Facebook : Turkish Partnership of South Africa
https://www.facebook.com/profile.php?id=100093920314200

Webwerwe: Turkye en Midde-Ooste
https://www.tpsaministry.org/
https://menasa.co.za/




TPSA

TURKISH PARTNERSHIP
OF SOUTH AFRICA
SERVES THE TURKISH CHURCH

*Respecting the Turkish Church and Leadership by serving them from a Biblical Kingdom perspective*

WE SUPPORT

THE INDIGENOUS TURKISH CHURCH

***" I BELIEVE THAT WHAT GOD DID 2000 YEARS AGO IN THIS LAND, HE WILL DO AGAIN "***

*~PASTOR IN TÜRKIYE*





JEUGWEEK
AANGBIED DEUR:
ETHNOS MOVEMENT INTERNATIONAL
25 MEI – 1 JUNIE 2026
BESOEKE AAN VERSKEIE SKOLE EN TENTAANDDIENSTE IN BOIKHUTSU EN BLYDEVILLE.
VIR MEER INLIGTING KONTAK DS JOHAN VAN ZYL BY 071 885 2047
ETHNOS MOVEMENT INTERNATIONAL
SONDAG 31 MEI
JEUGDIENS, 9:30, LICHTENBURG KLIPKERK, DS JOHAN VAN ZYL EN ETHNOS
SONDAG 31 MEI
JEUGBYEENKOMS VIR DIE JEUG VAN LICHTENBURG 17:00, HAMBURGERS EN MILKSHAKES SAL BEDIEN WORD TEEN R50.00 PER KIND. RSVP ASB JOU NAAM VOOR OF OP MAANDAG 25 MEI BY WA 083 557 5857. (AANGEBIED DEUR DIE RING VAN LICHTENBURG)










Good News BIBLE

# Sarah Innes



## The start of something new…

This season has been one of transition and shift in our community. Not only have we, as Fire & Fragrance, transitioned out of YWAM, but we are also transitioning into church planting, and this month we started with our very first church service! Our church's name is Missio Church, and it was such an incredible service as many of us gathered to celebrate the official planting of our church.
The church will co-labour alongside Fire & Fragrance and will not take the place of Fire & Fragrance; it will simply be run by our same leaders. With that being said, there is still much to figure out, much to learn, but in all this our eyes are on Jesus - to follow Him, as He builds His Church.

## Team briefing week




The beauty of what I get to do is that I get to do it in a team, and as we have come to the middle of the year, the leadership team I am part of took some time to think through our structure, systems, and roles. We began to dream with God about how to reach our goals and how to implement team roles to fulfil our vision.
After much thought, we took a week to present this to our team. This was to bring clarity, vision, and permission for our team to feel confident and capable in what their role is. This was also to bring unity and trust into what we do. Since then, we have been working together and meeting frequently to navigate how to implement this and start to plan accordingly within the new structure.

## High School & Universities



As the holiday time came to an end, we jumped back into reaching the high schools and universities. From teaching high school students how to share their testimonies and how to hear God's voice, to evangelising frequently on the university campus, our heart is to reach people. Yes, it is great that we are able to implement a new structure and navigate team dynamics well; but our aim is still to reach people, disciple them, and empower them.



A testimony that came from getting to evangelise on campus was going up to one girl and just simply sitting with her and chatting to her, finding out she is super sad, lonely, and consumed with anxiety. My friend and I got to share our testimonies with her and pray with her. She said when we were done praying that she felt much lighter and that something changed. She still isn't fully convinced of Christianity, but said she will definitely start to consider it more.

# *"Jerusalem" Bediening*

## Boikhutso, Blydeville - tentdienste, huisbesoeke, skole, bus- en taxi terminus, hospitaal en ouetehuis

***Beplande Uitreik van Ethnos Span saam met***

***Lukas en Rebekka Lebalelo***















*Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal My getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.* Hand 1:8
Die uitvoer van die Opdrag is die uiterste teken van hoop: die mens wanhoop nie aan die wêreld nie, maar verstaan dat God ’n plan het met die wêreld
*Het Leven Een Feest,*
*A.A. van Ruler*